



BEHEER VAN SATANSBOS

deur HILDEGARD DE BEER
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Daar is nog geen middels geregistreer vir die chemiese beheer van satansbos (*Solanum elaeagnifolium* Cav.) nie. Navorsing in hierdie verband is egter tans aan die gang, en nuwe inligting sal met verloop van tyd deur die Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming beskikbaar gestel word.

Konvensionele metodes gee egter 'n groot mate van beheer. In die VSA is aangetoon dat satansbos binne 3 jaar in akkerbousituasies onder beheer gebring kan word deur die regte verbouingsmetodes toe te pas. In die geval van wintergewasse is gereelde vlak bewerkings, minstens een maal per maand, doeltreffend, aangesien die satansbosplante gedurende die winter nie aktief groei nie, en die plante dus geleidelik verswak word. By somergewasse is die belangrikste faktor beskaduwing deur die gewas, en 'n digte stand gewasse moet dus voortdurend gehandhaaf word.

Gereelde skoffelbewerkings in die somer om saadvorming te verhoed, en om die onkruid se reserwes uit te put, lewer ook goeie resultate, veral as daar nie kort daarna besproei word nie, en stukkie van die onkruid wat moontlik deur implemente rondgesleep is, gevolglik nie kan wortelskiet nie. Die

verbouing van lusern wat gereeld vir hooi gesny word, is ook 'n doeltreffende metode om die onkruid te beheer. Satansbos op walle en in wenakkers bly egter 'n probleem.

Buite die akkerbousituasie is satansbosbeheer heelwat moeiliker. Die pogings moet dus liefst toegespits word op die voorkoming van saadvorming in gebiede waar die sade vinnig oor groot afstande kan versprei, bv. langs waterlope. Swaar beweiding kan ook saadvorming verhoed, en hoewel satansbos na bewering giftig is vir diere, word dit tog in dele van SA as 'n bruikbare weigewas beskou, sonder enige tekens van vergiftiging. Chemiese ontledings het aangetoon dat die plant 'n hoë ruproteïëinhoud het. Wanneer die onkruid eers saad geskiet het, bestaan die gevaar dat die saadjies in die diere se mis versprei kan word; dus behoort diere wat in satansbosbesmette gebiede gewei het, eers 10 dae op kraal gehou te word. Na bewering is die ryp bessies ook giftiger as die groen bessies.

Navorsing word tans deur die Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming gedoen op moontlike biologiese beheer van die onkruid deur middel van organismes uit die Amerikas.

